



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass



Jaargang 26

– NO 12 –

Desember 2017 / Januarie 2018

In die donkerste nag bly Christus ons hoop	1
Galasiërs 3: 15-25	2
Wettisme: 'n Bedreiging vir en in die kerk?	5
Messias G.F. Handel	7
Gereformeerde Onderwys – Erfenis van die Reformasie	9
Teologiese opleiding – Hamilton	12
Staatsbeheer	14
Geloofsrigting	16

In die donkerste nag bly Christus ons hoop

Advent is 'n tyd van verwagting en voorbereiding op Christus se koms. Die woord Advent is afgelei van die Latynse woord **adventus** wat "koms" beteken. Dit is 'n tyd van herinnering aan die beloftes van God oor die Messias wat sou kom, maar ook 'n tyd van verwagting van Jesus se wederkoms. Gedurende hierdie tyd vier ons God se ingryping in die geskiedenis deur die geboorte van Christus. Advent fokus op die feit dat ons tussen die tye van Christus se eerste koms en sy wederkoms leef en dit behoort ons leefwyse te bepaal. Dit is 'n tyd van afgagting en verwagting, maar ook 'n tyd om aktief God se liefde in die wêreld uit te leef.

Terwyl ons sing: "Vrede op aarde in mense se welbehae" speel die ergste van situasies af, in ons land, maar ook in die wêreld.

In 'n gedig geskryf deur 'n 18-jarige het die swaarheid van haar gemoed oor die situasie in ons land ernstig na vore gekom. Die gedig met die titel: "Die nag het oë" is wyd oor die sosiale media versprei. In hierdie gedig skryf sy oor die plaasmoorde wat baie dae die hoofopskrif van die dag se koerante is. Sy beskryf die aand se naggeluide as "n orkes wat speel terwyl die dood vrolik dans op die simfonie van tragedie".

"Binne is die boer en sy gesin, buite staan 'n klomp ander wat beplan om dood te maak, te martel en te verkrag". Sy skilder 'n baie donker prentjie met 'n einde sonder hoop.

Hoe hartseer is dit nie as 'n 18-jarige so voel oor die donker van die nag nie. Die nag wat gemaak is om in te rus word nou as iets skrikwekkends voorgehou. Hierdie lewe op aarde wat veronderstel is om "vry" te wees – omdat ons deur Christus vrygemaak is – word nou as "so donker soos die nag" beskryf, 'n plek waar die donkerste geheime begrawe word.

Onlangs het ons "Swart Maandag" meegemaak, waar daar gevra is dat mense moet bid dat die Here ons God Hom ontferm oor Suid-Afrika. Hoe politieke party mense dit ook al wil draai, dit raak elkeen in hierdie land. Hoe lewe ons as ons net die swart van die nag kan sien en die lewe in hierdie land net as 'n politieke probleem sien?

Kruip ons weg agter hoë heinings en bewapen ons onself tot die tande toe met die fisiese, of verootmoedig ons ons voor God en bid en vertrou op Hom vir oorwinning in hierdie land?

Dit is jammer dat die gedig van die dogter geen perpektief van hoop bied nie. Vir die wat Christus volg, is daar oneindig baie hoop en vrede. Die wêreld skree om vrede, maar in 'n gebroke wêreld is vrede altyd skynvrede. Ons vind alleen werklike vrede in ons gemoed wanneer ons besef dat slegs Een die wêreld oorwin en regeer. Dit is om ons oë op Hom te vestig en te leef in sy oorwinning.

Inderdaad, ons is geen kalm reis belowe nie, maar wel 'n veilige en seker aankoms.
Daarom is Christus gebore, om ons en ons kinders te bevry van God se toorn en ons sy vrede te gee.
Met hierdie ewigheidsperspektief kan ons Kersfees in vrede vier!

Redaksie

Galasiërs 3: 15-25

Uit die Woord

Die belofte staan bo en is belangriker as die wet

'n Testament kan nie verander word nie. Net so is die erf-lating wat ons as kinders van God ontvang, gebaseer op 'n testament wat nie verander kan word nie, verseël in die bloed van Christus.

In Galasiërs 3:15 staan geskryf: "Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie."

Let op: Paulus noem hulle hier broeders. Hy het hulle onverstandig en betower genoem, en het verraai, verstom en hopeloos gevoel a.g.v. hulle optrede. En tog was hulle nog steeds sy broers.

Soms kan familie die vreemdste dinge doen, maar tog bly hulle nog steeds familie. Jy het hulle nog steeds lief.

Hy begin met 'n voorbeeld uit die alledaagse lewe. Paulus dink heel waarskynlik aan die ou Griekse wet wat gesê het dat 'n laaste testament nie meer herroep, afgeskaf of verander kan word as dit eers vasgelê en amptelik by die owerheid vasgestel en geregistreer is nie. As dit die geval is tussen mense, dan soveel te meer met en by God.

Niks in die skepping kan enigiets byvoeg of wegneem van die beloftes van God nie. God het aan Abraham en sy nageslag die belofte gemaak dat Hy die land Kanaän as erf-lating sou ontvang en dat al die nasies deur hom geseën sal word. Die belofte was 'n heenwysing na, en het alles te doen gehad met, Jesus Christus – Hy was die Een wat ons status as erfgename van God vasgemaak het. Die verbondsbelofte is nie met 'n groep mense aangegaan nie, maar met een enkele persoon. En wie ook al in Hom geglo het, het ook in sy erf-lating gedeel. Die belofte is aan Abraham en aan sy saad, dit is Christus, toegesê.

Dit was 'n belofte aan Christus dat deur Hom alle nasies geseën sal word, en dat almal wat in Hom glo, die land van ewige rus sal beërwe. 'n Nuwe en volmaakte skepping, met mense herskep na die beeld van Christus. Hierdie beloftes is lank voor die wet gegee, en die wet

kon nie die beloftes wat God aan Abraham gemaak het, tot niet maak of enigiets daaraan toevoeg nie.

Die wet het glad nie die beloftes wat aan Abraham gemaak is, vervang of weggedoen nie. Die verbondsbelofte was alreeds daar, dit is alreeds gemaak, en niks sou dit kon keer nie.

Die woord "belofte" is hier die sleutelwoord. Dit word altesaam 8 keer in die laaste verse van hierdie hoofstuk gebruik. **In die beloftes sê God: "Ek sal dit doen. Ek sal dit doen. Ek sal dit doen".** Maar die wet van Moses sê: "Jy moet dit doen. Jy moet dit doen. Jy moet dit doen".

Op hierdie manier is Jesus die vervulling van die belofte, asook van die wet, want Hy het dit gedoen. 'n Belofte moet geglo word. 'n Wet moet gehoorsaam word. 'n Belofte is God se plan, God se genade, God se inisiatief. Die wet is die mens se plig, die mens se werk, die mens se verantwoordelikheid. Paulus waarsku ons dat ons moet verstaan dat die belofte groter prioriteit het as die wet. Ons moet versigtig wees om nie die wet op 'n te hoë voetstuk te plaas nie. Dit is nie die kern of middelpunt van God se bedoeling vir hierdie wêreld nie. Dit het slegs 'n byfunksie, 'n tydelike funksie. Moenie dink: God doen dit, en ek doen dat, en dan is alles goed nie. God doen alles, en ons is deel van sy werk. Dit wat belowe is, sal nooit verkry word deur gehoorsaamheid aan die wet nie.

Slegs deur geloof kry ons deel aan die nuwe Skepping. Die enigste manier om 'n belofte te verkry of te ontvang, is om dit te glo, om te vertrou. Ek kan slegs kies om daardie belofte te glo of nie en die belofte kan slegs deur God vervul word.

Hier is 'n praktiese punt waarvan ons dikwels vergeet: God handel met ons volgens die beloftes, en nie volgens

ons dae nie. Saligmaking berus nie in die wet wat ons verbreek nie, maar dit berus in die belofte wat God nie kan breek nie.


Van watter nut is die Wet dan?

“Wat beteken die wet dan?” As alles wat God aan ons skenk, deur die belofte aan ons gegee word, waarom dan die wet? Wel, gaan Paulus verder in **vers 19: “Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom;”**

Dit is bygevoeg weens die oortredinge.

Daar is twee maniere waarop kinders in die moeilikheid kom. Op 'n baie jong ouderdom kom hulle in die moeilikheid vanweë dit wat hulle nog nie weet nie. Dus, vanweë onkunde. Maar namate hulle ouer word, beland hulle in die moeilikheid oor dit wat hulle wel weet. Albei is sonde, maar vir Paulus is die laaste voorbeeld 'n oortreding. Dit is ongehoorsaamheid vanweë die feit dat jy besef dat dit teen die reëls is.

En vir Paulus – daar was geen “oortredings” vanaf Adam tot by Moses nie, want daar was geen spesifieke wet nie. Dit was die sogenaamde “baba- of peuter-stadium” van God se kinders. Toe hulle die wet van Moses ontvang het, het hulle oortree vanweë dit wat hulle geweet het. Dit het hulle skuld vergroot. Romeine 3:20: “aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.”



In die woorde van Luther: “die hoof- en werklike doel van die wet is om vir die mens aan te toon: sy sonde, blindheid, ellende, boosheid, onkunde, haat en minagting van God, dood, hel, verdorpenis en verdiende toorn van God.”

Deur die spieël van die wet sien ons hoe nodig ons Jesus het. Die wet wys ons die behoefte aan die belofte. Maar die wet was nooit bedoel om ons in staat te stel om in die regte verhouding met ons Skepper te leef nie. In werklikheid was die wet ver van God af, want dit is deur engele gegee, aan 'n tussenganger, 'n middelaar, nl. Moses. Daar was 'n hele klomp bemiddeling ter sprake toe God die Wet gegee het. En geen bemiddeling nie toe God die belofte gegee het.

Soos ons aan die **einde van vers 19** en in **vers 20** lees: **“en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n**

middelaar. En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een.” Die belofte het direk van God af gekom, maar nie die wet nie, want sondaars kan nie voor God verskyn nie. Stefanus sê in Handeling 7:53: “die wet is deur die beskikking van engele ontvang”. En ook in Hebreërs 2:2 staan daar: “die woord deur engele gespreek”. Die Jode was trots op hierdie feit, maar Paulus sê dit dui daarop dat die wet ondergeskik is aan die belofte. Die belofte is deur God self gemaak op grond van sy eie ewige wil.

Dus die wet is bygevoeg nie om ons nader aan God te bring nie, maar om aan ons te wys hoe ver ons van God verwyder was. Die wet was daar om aan ons die diep kloof te wys wat daar tussen ons en God was. 'n Kloof so wyd en so groot dat daar nie 'n enkele manier was om dit te oorbrug nie. Die wet het aan ons gewys dat ons verdoem was, dat daar werklik geen hoop vir ons was nie. Ons was onder die regverdige toorn van God. Die wet is die rede vir die Evangelie.

Dan vra Paulus die volgende logiese vraag aangaande die wet in **vers 21: “Is die wet dan teen die belofte van God?”** Op hierdie stadium lyk dit na 'n baie redelike vraag, en daarom is sy antwoord ietwat van 'n verrassing. **“Nee, stellig nie!”** Glad nie! Soos hy verder verduidelik: **“Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees.”** U sien, sou daar 'n wet wees wat ons volmaak kon gehoorsaam, dan sou ons geregverdig wees vanweë die wet en dan sou ons daardeur die lewe kon hê. As die wet die lewe kon skenk, was daar nie meer 'n behoefte aan die belofte nie.

Maar ons is almal ongehoorsaam – onder die wet is ons almal onder die doodsvonnis. En die dood is een van daardie dinge wat niemand wil hê nie.

Die wet was egter nooit die probleem nie – maar ons is die probleem. Ons sondig – die wet maak dit net erger – maar in 'n sekere sin dwing dit ons ook om genesing te soek. Die wet werk soos 'n gesondmakende behandeling soos chemoterapie, wat jou eers slegter laat voel voordat dit genesing bring. Genesing in Christus.

Die wet kan dus nie lewe gee nie en dit kom nie direk van God af nie. Dit het 'n tydelike rol gehad in die geskiedenis van God se verlossingswerk. Dus, wat doen dit dan? **Vers 22: “Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.”** Die hele wêreld was 'n gevangene van die sonde – “Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.” (Rom. 3:12).

Die wet kan ons nie regverdig maak voor God nie, maar dit kan ons na die geloof dryf. Dit skreeu dit uit! ONS HET 'n REDDER NODIG!!! Ons het ons vasgeloop. Ons is gevange. Ons het iemand nodig wat tussen God en ons instaan en die verdoemenis kan stuit.

Daarom was ons deur die wet gevangenes van die sonde, "sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word." Dit het die menslike sonde helder en duidelik gemaak en onbetwisbaar as oortreding aangetoon; op hierdie manier het dit die mens, oor die verlossend-historiese tydlyn, na Jesus Christus gedryf.

Paulus sluit af met twee voorbeelde van hoe die wet na Christus lei. **Vers 23: "Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word."**

Soos 'n gevangene nie uit bewaring kan ontsnap nie, so het die wet wag gehou, en elke moontlikheid om te ontsnap, dopgehou. Die wet het die gebooie daargestel, soos wagte rondom 'n gevangenis. Maar die dag van geloof kom nader – selfs noudat die lig in die duister skyn, en hy hoor die woorde van Jesus: "jou sondes is vergewe, gaan in vrede." Daar is 'n man wat die krag van die wet verbreek – die krag wat verdoem – want Hy is vir jou verdoem. Jy hoor die woorde en jy is vry, met geen lewenslange vonnis oor jou nie.

Paulus gebruik 'n ander voorbeeld in **verse 24 & 25: "Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie."**

Die wet is steeds belangrik omdat dit sonde aantoon as sonde. Sonder die wet sou ons soos moraliste gedink het dat ons dit kan doen, of soos relativiste gedink het dat God nie omgee dat daar gesondig word nie.

Soos een kommentator sê: "Relativiste is gewoonlik nie-godsdienstig, of hulle verkies wat genoem word "liberale" godsdienste. Oppervlakkig gesien is hierdie mense gelukkiger en meer tolerant as moraliste of godsdienstige mense. Alhoewel hulle dalk hoogs idealisties is in terme van die menslike maatskappy, glo hulle dat almal vir hulself moet bepaal wat reg en verkeerd is. Hulle is nie oortuig daarvan dat God regverdig is en sondaars straf nie. Hulle mag dalk baie oor God se liefde praat, maar omdat hulle hulself nie as sondaars sien nie, beteken God se liefde niks vir hulle nie. Maar die wet wys juis dat sy liefde groot waarde het. Die konsep van God se liefde in die Evangelie is baie ryker, dieper en ingrypender as wat relativiste dink."

Maar die Evangelie staan teenoor moralisme: die standpunt dat jy aanvaarbaar is deur wat jy vermag.

Moraliste is dikwels baie godsdienstig. En as hulle is, dan is hulle godsdienste taamlik konserwatief en vol reëls. Teenoor die liefdes-God van die relativiste, beskou die moraliste vir God as baie heilig en regverdig. Hierdie standpunt lei òf tot a) self-haat (want jy kan nooit die standaard bereik nie) òf tot b) opgeblasenheid (want jy dink juis dat jy alle standaard bereik). Dit is ironies om te besef dat minderwaardigheid en hoogmoedigheid dieselfde wortel het. Maar die depressiewe moralis verstaan nie die Evangelie nie en die self-opgeblasde moralis verstaan nie die diepte van die wet nie.

Die evangelie hou ons weg van moralisme sowel as van relativisme. God se regverdigheid en liefde is verenig aan die kruis. DIE WET DWING OM NA CHRISTUS TE KYK. Soos een kommentator dit uitdruk: "Eers as die wet ons gewond en verslaan het, sal ons erken dat net die Evangelie ons wonde kan heel. Eers as die wet ons verdoem en doodgemaak het, sal ons na Christus roep vir regverdigheid en lewe. Eers as die wet ons tot wanhoop in onself gedryf het, sal ons in Jesus glo. Eers as die wet ons verneder het tot die hel, sal ons ons tot die Evangelie wend om die hemel te beërwe." Soos Paulus sê in Romeine 7:24: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!"

Verkorte preek van ds Johan Bruintjies, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad



Wettisisme: 'n Bedreiging vir en in die kerk?

Leer en lewe



By die koms van Christus op aarde is wettisisme deur Christus onder die soeklig geplaas. Christus het spesifiek hieraan aandag gegee, veral met betrekking tot die

Joodse wette en die vervaardigers daarvan. Hy het die Fariseërs by herhaling hieroor uitgetrap en/of sterk daarteen gewaarsku. Mattheüs 23 is 'n lang veroordeling van die Fariseërs en hulle wette. Dit is 'n voortdurende "Wee julle", en Hy gee duidelik aan dat hulle nie die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. In vers 24 gee Hy 'n sterk waarskuwing wat nog altyd baie geldig is, naamlik DAT hulle blinde leiers IS wat die muggie uitsif en die kameel insluk. Die hele hoofstuk handel oor hul wettisisme. Dit was gerig op selfverlossing. Deur die eeue het die kerk wettisisme in die kerk laat inkom. Die belofte en eis wat die Here stel en soos ons dit bely, is altyd weer verwater tot 'n groterwordende eis en 'n struikelblok vir die sig op die belofte. Luther het ontdek en besef dat lewe uit genade die antwoord is teenoor die wettisisme van die Roomse kerk. Rome het nog altyd nie van sy wettisistiese kultuur afstand gedoen nie. Sy goeie werke is onder meer 'n voorbeeld hiervan.

Wettisisme in die Gereformeerde kerke

Maar is hierdie verskynsel nou verlede tyd, of is dit nog altyd in die kerk aanwesig? Die antwoord is: ja, dit is nog altyd daar. Ook in die gereformeerde kerke is wettisisme 'n voortdurende euwel. Een van die oorsake is onder meer dat sekere tradisies, oor tyd, vanaf gewoontes norme word, en in 'n geloofsmodel ingebou word om daarmee ander te beoordeel of te veroordeel. En telkens weer is daar mense wat baie streng ander wil beoordeel en die kerk/gelowiges wil bind aan wat hulle dink die Here se wil is. Erger nog: hulle stel soms die kerkorde bo die Skrif. Soms selfs op 'n sodanige manier dat die kerkorde dreig om die vierde kenmerk van die kerk te word, in plaas van 'n hulpmiddel wat nooit bo die Skrif mag uitgaan nie. Baie kere volg hulle soms onbewus nie Christus nie, maar eie interpretasies. Byvoorbeeld wanneer hulle nie van die sondige mens uitgaan nie, maar hulle eie interpretasie/model gebruik as beoordelingsnorm. Of hulle eie kerkgeskiedenis as enigste norm gebruik by die beoordeling van ander gelowiges/

kerke of selfs ander lande waar gelowiges nie op dieselfde manier uiting aan hulle geloof gee nie. So is hulle soms oorsaak daarvan dat die gesig op Christus en die werking van die Heilige Gees deur hulle teengestaan word.

In 1914 het prof. H.H. Kuiper geskrywe: *gereformeerdes neig om ander met die sweep van die konsekwentheid die kerk uit te jaag.*

Die HAT verklaar bv. wettisisme as 'n saak waarby baie streng wettiese optrede plaasvind. Die HAT noem as voorbeeld 'n wettiese Christen. Baie interessant.

Wat sê Christus

Christus het egter met sy koms ons 'n heeltemal ander manier van omgang met mekaar gebied. Christus het gelowig wees weer eenvoudig gemaak, naamlik: Hê die Vader lief bo alles, jou naaste soos jouself, onderhou sy gebooe, ens.

Dit klink eenvoudig, maar is vir ons as sondige mense nie maklik nie. Tog word ons deur Christus vergewe. Daarom sal ons as mense interpretasies van die wet dikwels baie versigtig moet hanteer, want dit gee maklik baie stryd en moeites. Daarom wil ons een aspek uitlig wat baie kere oorsaak van moeites is, naamlik "**die uitsif van die muggie**".

Dit is opvallend hoeveel keer Christus in die Nuwe Testament juis oor al hierdie wettiese sake sy afkeuring uitspreek. Voorbeelde hiervan is: die balk en die splinter, die 70x7 vergewe, die gelykenis van die 10000 kwyt-skeld en die broer vir 100 laat gevange neem en hoe die Here hieroor sy toorn laat gaan. Are optel op Sondag. Die gesprek met die Samaritaanse vrou, die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, ens. As daar een aspek is wat deur Christus veelvuldig aangespreek word, dan is dit die wettisisme wat die volk 'n swaar juk oplê en die huise van die weduwee opeet. Ons kan gerus die sake in die Nuwe Testament naspreek, dan kan ons meer verstaan van die denke van Christus.

Al het dit alles 'n regstreekse verband met die wettisistiese houding van die tyd, dit geld eweseer vir ons vandag.

Ook in die kerke van ons vandag kan ons 'n hand in eie boesem steek. Eens het 'n Nederlandse professor dit so gestel op sekere vrae: Christus het nie voet aan wal gesit in Suid-Afrika toe die eerste vrygemaaktes hier aangekom het nie, en die vrygemaakte kerk is nie 'n

model-boerdery vir die res van die wêreld nie.

Die begrip die "enigste ware kerk" het jarelank 'n te hoogmoedige rol gespeel. Alle ander kerke, was die idee, moes hulle by die enigste ware kerk voeg. In die tagtigerjare is die misverstand uit die weg geruim toe daar duidelik gestel is dat "**deur die gebrokenheid van die sonde kan daar twee ware kerke in een plek langs mekaar bestaan**" (Deputate Buitelandse Kerke Nederland). Vandag praat ons nie meer van **die ware kerk nie, maar van 'n ware kerk**. En het ons baie ware kerke wêreldwyd gevind/ontdek. Die ICRC is hiervan 'n voorbeeld. Christus loop met elke kerk, in elke land, met dié wat Hom wil dien, ongeag hul kerkgeskiedenis, sy pad. Daar is nie 'n eenvormige geskiedenis-model nie, daar is ook nie altyd dieselfde manier van kerkliturgie nie, of tug, of psalms of geskiedenis nie. Selfs die een of twee keer kerk toe gaan kan soms uit die geskiedenis sy redes hê. Eers in 1880 het bv. die twee keer gaan in Nederland begin. Die tweede diens was 'n leerdiens. By dit alles lê die gevaar van die uitsif van die muggie. Daar is feitlik net een norm, **dien die Here, onderhou sy geboorte en bely Christus as jou Verlosser, dit alles deur die werking van die Heilige Gees. Ingesluit die liefde tot jou naaste**.

Prof. Schilder stel in sy diktaat oor *De Kerk*: Eerstens is dit of die kerk wettig is, daarna of sy suiwer is: die gereformeerde kerk kan verbaster, maar solank sy die "janboel" nie officieel wettig 'lyk' nie, is sy wettig, al is sy onsuiver. Die lidmate van die kerk kan onsuiver wees in hulle belydenis en wandel. Maar wettig wees, vra na papiere van die kerk. As die papiere nie officieel verwerp is nie, het die kerk nog altyd reg van bestaan en kan sy terug na suiwerheid (bl. 143 in die diktaat).

Modelbou as geloofsmodel

Model-denke kom saam met tradisie, eie interpretasie, en behoefte aan eie sekerheid wat deur weerstand teen verandering gevoed word. My kerkmodel is alleen reg, bv. uit my kerkgeskiedenis en daaraan hou ek vas. Ook geld dit vir die opbou van 'n berou-model; ek wil hê dat hulle aan die model beantwoord, eers daarna kan ek hulle vergewe. Dan vra jy nie wat die wil van Christus daarin moet wees nie, maar waar ek die genoegdoening kry. Wees versigtig om nie die berou-model te volg nie. Bv. as ons in 'n ander land kom en slegs met 'n ander kerk samesprekings of samewerking kan aangaan as hulle ons geskiedenis erken (vrymaking bv.) of ander tradisies of gewoontes. Kyk lievers na ons plaaslike kerkgeskiedenis en sit al die moeite en gebreke deur die jare op die tafel en vra dan aan die ander: "**dit is ons geskiedenis, wil julle ons nog erken as 'n ware kerk van Christus?**" Wat gaan die ander se antwoord

wees? As hulle opreg Christus wil volg, sal hulle die vraag met groot lankmoedigheid beantwoord en dit verseker nie 'n struikelblok maak nie. Dieselfde geld vir 'n liturgie-model en 'n kerkorde-model. 'n Model van Gereformeerde wees kan in ons denke al gou verabsoluteer word en die werk van Christus ondermyn. Soms lyk dit asof ons met dubbele standaard meet, bv. op die sendingsveld sal ons baie dinge aanvaar, soos wat ons self nooit sou oorweeg nie. Daar wil ons wel rekening hou met hulle tradisies, geloofseemosies, en dies meer. Maar so kan ons ook ander kerke op dieselfde wyse benader, sonder om ons eie kerkmodel te probeer afdwing.

Wettisisme was nog altyd aanwesig in die kerk. Rome het dit Godsdiens gemaak. Goeie werke, ens. Maar ook gereformeerdes wil soms uit angsk vir verandering streng by eie sekerheid in hul model vassteek. Ons moet egter leef soos Luther uitgevind het: deur genade alleen, en werke uit dankbaarheid doen. Maar ons verlossing is seker en alleen deur Christus en sy offer. Dit geld vir elkeen wat Hom volg. Inklusief met hulle eie kerkgeskiedenis.

Jelte de Vries, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria Maranata

 **Hurter Spies** INC
prokureurs • attorneys

Prokureurs, notaris en aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
 - Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
 - Notariële waarmerkings
 - Testamente
- Algemene regsadvies

KONTAK ONS VANDAG NOG!
Werner Human
Tertius Kruger
Willie Spies

Tel: 012 664 0708 • E-pos: willie@hurterspies.co.za

Messias | G.F. Handel

Kuns en kultuur

Komponis

George Frideric Handel (1685-1759) is in Halle, Duitsland, gebore. Sy gesin was gelowig en uiters welgesteld. Sy vader, ook Georg Händel, het nie van die idee gehou dat Handel Jnr. homself in musiek wou bekwaam nie, maar nadat 'n familienvriend Handel Jnr. op 11-jarige ouderdom hoor orrel speel het, het hy waarskynlik sy vader ten gunste van 'n musiekopvoeding beïnvloed. Teen die ouderdom van 18 jaar komponeer Handel sy eerste opera, *Almira*, en gedurende die volgende 5 jaar word hy as musikant, komponis en dirigent in Italië en Duitsland ingespan. In 1710 vestig Handel hom in Londen en word Engeland se gunsteling en mees suksesvolle komponis.

Librettis

Charles Jennens (1700-1773) was 'n welgestelde Engelse grondeienaar en vriend van Handel. Hy was 'n beskermheer van die kunste en welbelese in musiek, literatuur en die Bybel. Die teks vir *Messias* is in Augustus 1741 deur Jennens aan Handel oorhandig. Jennens was 'n belydende Christen en het in die outoriteit van die Bybel geglo. Hy het veral sterk gevoel oor die goddelikheid van Jesus, in teenstelling tot die deïstiese denke van daardie tyd.

He shall feed his flock like a shepherd; and he shall gather the lambs with His arm, and carry them in His bosom, and gently lead those that are with young. Come unto Him, all ye that labour, that are heavy laden, and He shall give you rest. Take his yoke upon you, and learn of Him; for he is meek and lowly of heart: and ye shall find rest unto your souls. (Matt.11:28-29; Jes.40:11)

Komposisie-proses

Kort nadat Jennens vir Handel gevra het om die musiek te komponeer, het 'n liefdadigheidsorganisasie uit Dublin vir Handel genader om te vra of hy 'n werk vir 'n liefdadigheidskonsert sal komponeer. Handel word 'n stewige kommissie belowe. Met 'n beskikbare libretto én 'n goeie motivering het die komponis met 'n vaart weggespring. Handel het soos 'n besetene gekomponeer, skaars sy kamer verlaat en maaltye oorgeslaan. Binne 24 dae het hy 260 bladsye nuwe musiek geskep – 'n enorme fisiese en kreatiewe prestasie. Soos die komponis J.S. Bach, het Handel ook dié manuskrip met die letters "S.D.G." (*Soli Deo Gloria*) afgesluit.



Première

Die eerste uitvoering het ironies genoeg dus nie in Londen plaasgevind nie, maar wel in Dublin, tot onsteltenis van Jennens. 700 mense het 'n uiters suksesvolle première bygewoon – vroulike konsertgangers

is gevra om asseblief rokke sonder hoepels te dra en mans moes hul swaarde tuis laat, in 'n poging om soveel as moontlik mense in die 600-sitplek-teater te kon akkommodeer. Eers ongeveer 'n jaar later is *Messias* uiteindelik in Londen uitgevoer – en kil ontvang. Daar heers religieuse omstredenheid onder geestelike leiers en middelklas teatergangers, want volgens hulle was dit lasterlik om 'n komposisie met 'n Christelike boodskap in 'n sekulêre teater-omgewing voor te dra. (Vorige oratorio, soos Handel se *Israel in Egipte*, het net verhaale uit die Ou Testament gebruik en omdat dit slegs as geskiedenislesse gesien is, was dit in hul oë wel aanvaarbaar. Christus en die Christendom was egter meer sensitiewe onderwerpe en hoort slegs in die kerk.) Om enige verdere aanstoot te verhoed, neem Handel aanvanklik die titel weg en noem dit *A New Sacred Oratorio*. Die omstredenheid was tog nie sterk genoeg om die koning af te skrik nie, en dié staan onmiddellik op by die aanhoor van die openingsnote van die Hallelujakoor – alhoewel sommige historici aanvoer dat hy hardhorend was en dit vir die Volkslied aangehoor het. Ek het ook al van bespiegelingen gehoor dat die koning onder die indruk was dat die musiek tot 'n einde gekom het en hy opgestaan het om huis toe te gaan. Hoe dit ook al sy, dit is tog 'n mooi gebaar as ons in eerbied voor die Here se grootheid en almag gaan staan. *Hallelujah! For the Lord God Omnipotent reigneth. The Kingdom of this world is become the Kingdom of our Lord, and of His Christ: and He shall reign forever and ever. King of kings, Lord of lords.*

Teks

Messias (die korrekte titel vir die werk, alhoewel dit dikwels in die volksmond **Die Messias** genoem word) handel oor die koms van Christus, sy oorwinning oor

die sonde en die dood, die nederlaag van sy vyande, sy seëvierende terugkoms, die vestiging van sy koninkryk op aarde en die gelowige se oorwinning oor die dood deur Christus se opstanding.

Die libretto bestaan uit 'n versameling tekste hoofsaaklik geneem uit Jesaja, Psalms, Paulus se briewe en Openbaring. Anders as ander Barok-oratorio vertel *Messias* nie net een kronologiese storie nie. Dit verteenwoordig eerder 'n reeks oordenkings oor die Christelike lering van verlossing: van die Ou Testamentiese profesieë, deur die lewe van Christus, tot by sy finale oorwinning oor die dood. Myns insiens 'n pragtige getuienis en opsomming van wat ons glo.

Die werk is in 3 bedrywe gekomponeer. Vir elkeen gee ek slegs enkele teks-voorbeelde:

Deel I fokus op die geboorte en koms van die Messias, as vervulling van God se beloftes en profesieë. Voordat God sy koninkryk op aarde vestig, sal oordeel kom op die laaste dag. In sy regverdigheid sal Israel rus vind van sy vyande en die nasies sal uiteindelik na God kyk vir leiding.

Comfort ye, comfort ye my people, saith your God. Speak ye comfortably to Jerusalem, and cry unto her, that her warfare is accomplished, that her iniquity is pardoned. The voice of him that crieth in the wilderness: Prepare ye the way of the Lord, make straight in the desert a highway for our God. Every valley shall be exalted, and every mountain and hill made low, the crooked straight, and the rough places plain. And the glory of the Lord shall be revealed, and all flesh shall see it together: for the mouth of the Lord hath spoken it. (Jes.40:1-5)

For unto us a Child is born, unto us a Son is given: and the government shall be upon His shoulder: and His name shall be called Wonderful, Counsellor, the mighty God, the everlasting Father, the Prince of Peace. (Jes.9:6)

Deel II fokus op die lyding van die Messias en sy sterwe as versoening vir ons sondige natuur. Dit handel oor sy oorwinning oor die sonde en die seëninge wat ryklik uitgegiet word as gevolg van sy koninkryk wat op aarde gevestig word.

Behold the Lamb of God that taketh away the sin of the world. (Joh.1:29)

Surely he hath borne our griefs, and carried our sorrows. He was wounded for our transgressions, he was bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon Him. (Jes.53:4-5)

Deel III getuig van die Messias se oorwinning oor die dood en die gelowige se hoop op opstanding en ewige lewe in Hom.

I know that my redeemer liveth, and that He shall stand at the latter day upon the earth: And though worms

destroy this body, yet in my flesh I shall see God. For now is Christ risen from the dead, the firstfruits of them that sleep. (Job19:25-26; 1 Kor.15:20)

Blessing and honour, glory and power to be unto Him that sitteth upon the throne and unto the Lamb, for ever and ever. Amen. (Openb.5:12-13)

Musiek

Die kragtige musiek van *Messias* is oorspronklik vir 'n relatief klein ensemble van instrumentaliste geskryf: 2 hobo's, 2 viole, altviool, klawesimbel, 2 trompette en timpani. Handel het met verloop van tyd aanpassings aangebring om die behoeftes van die sangers aan te spreek.

Alhoewel Handel die musiek in rekordtyd gekomponeer het, het die kwaliteit van die werk nie daaronder gely nie – inteendeel. Hy het erns gemaak met die verhouding tussen teks en musikale materiaal en die een moes die ander dien. Hy gebruik verskillende metodes om hierdie eenheid te bereik, onder andere sy keuse van toonsoort. Die tonale skema word deur die musikoloog Anthony Hicks beskryf as "'n strewe na D-majeur", die toonsoort wat dikwels met lig en verheerliking geassosieer word. Soos die oratorio voortbeweeg met verskeie veranderinge in toonaard om die verandering in atmosfeer te ondersteun, verskyn D-majeur keer op keer tydens beduidende dele in die teks – veral in die jubelende "trompet"-bewegings wat oorwinning voorstel. Ander metodes wat gebruik word, is wat musikoloë "teks-skildering" noem, waar die beweging van die note die teksreëls beklemtoon. Die tenor-aria, *Every valley shall be exalted*, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die woord "vallei" val saam met 'n lae noot en die woord "verhewe" bou weer op tot 'n klimaks. In *For behold, darkness shall cover the earth* en *The people that walked in darkness* gebruik hy dalende note asof 'n mens in die donkerte van die onderwêreld neerdaal. Dit is maar enkele voorbeelde uit 'n onuitputbare versameling!

Vandag

Die gewildheid van *Messias* het ironies genoeg amper die werk se ondergang beteken. Vanaf die laat 1700's tot en met die 1900's het party musici die werk probeer bywerk om dit geskik vir moderne gehore te maak. Orkesparte is herskryf, en die koor en orkes is groter gemaak om die belangrikheid van die musiek te simboliseer. Oordrewe Messias-uitvoerings in 19de-eeuse Londen met oor die 5000 sangers was 'n algemene verskynsel. Daar is gemengde gevoelens hieroor, en alhoewel daar sekerlik meriete is in die beklemtoning van die algemene grootsheid van die werk, is die meeste musikoloë

dit eens dat hierdie “verbeterings” eerder Handel se musikale bedoelings verdraai. Die hedendaagse neiging is om terug te keer na die kleiner ensemble-formaat.

Handel het die werk met Paasfees geassosieer. Vandag is dit ’n gewilde tradisie om dit rondom Kersfees uit te voer – in Londen kan ’n mens kies en keur uit uitvoerings van *Messias* in Desembermaand – maar dit is eintlik net die eerste gedeelte wat handel oor die geboorte van Christus.

Mag jy, lesers, binnekort die geleentheid kry om ’n lewendige uitvoering van hierdie Goddelik-geïnspireerde werk te beleef. S.D.G.

Carike Byker-Heydenrych (St James’ Church Muswell Hill, Londen)

Bronnelys

<http://messiah-guide.com/analysis2.html>

[https://en.wikipedia.org/wiki/Messiah_\(Handel\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Messiah_(Handel))

<http://www.christianitytoday.com/history/people/musiciansartist-sandwriters/george-frideric-handel.html>

<http://doctrine.org/handels-messiah/>

<https://www.scribd.com/doc/229636676/Handel-s-Messiah-a-musical-analysis>

WOORDELYS

Librettis: Persoon verantwoordelik vir die skryf van die teks vir ’n musikale komposisie soos ’n opera of oratorium.

Oratorium: Groot skaalse musikale komposisie gebaseer op ’n Bybelse teks of boodskap uitgevoer deur koor, orkes en soliste. Verskil van ’n opera in die sin dat daar nie dekor, choreografie en kostuums gebruik word nie.

Barok: Styl van kuns, musiek en argitektuur uit die 17de eeu. In Westerse Klassieke musiek beskryf dit die era van ongeveer 1600 tot 1750.

Toonsoort: Musikale sisteem wat toonhoogtes en akkoorde sistematies gebruik om bepaalde effekte te verkry en die karakter van die musiek te bepaal.

Aria: ’n Stuk musiek vir ’n solist met begeleiding.

Musikoloog: Kundige of student in musiek as akademiese vak, in plaas van iemand wat in komposisie of uitvoerende kuns opgelei is.

Gereformeerde Onderwys – Erfenis van die Reformasie

Geskiedenis / Onderwys



Die Reformasie van die Onderwys in die 16de eeu

Dit word dikwels vergeet dat die Reformasie van die 16de eeu net soveel oor *onderwys* gegaan het as oor teologie en kerk. Ons herdenk in 2017 vyfhonderd jaar Reformasie. In hierdie artikel wil ek graag aandag skenk aan die impak van die Reformasie op onderwys, nie net in die 16de eeu nie, maar tot in die 21ste eeu. Vir hedendaagse generasies is dit belangrik om kennis te neem van die motiewe wat gelei het tot die oprigting van byvoorbeeld privaat Gereformeerde skole!

Ek begin in die 16de eeu. Een van Martin Luther (1483-1546) se eerste kontroversiële uitsprake was dat alle kloosters verander moes word in skole, en een van die laaste dinge wat hy gedoen het, was om ’n skool op te rig in Eisleben, waar hy in 1546 oorlede is.¹ Nie net Luther nie, maar ook Melanchthon, Zwingli, Bucer, Bullinger en Calvyn het die onderwys aktief bevorder. Die noodsaak vir die hervorming van die onderwys was net so groot as die hervorming van die kerk. In die 16de eeu

was onderwys dikwels beperk tot kinders van ryk handelaars en stadsregeerders. Die Rooms-Katolieke kerk het die onderwys van die jeug beheer, maar die hele sisteem het ’n slegte reputasie gehad, as gevolg van korrupsie en misbruik onder geestelikes.

In ’n werk genaamd: *Aan alle raadslede van alle stede in Duitsland, dat hulle Christelike skole moet oprig en onderhou* (1524),² skenk Luther aandag aan die toestand van die onderwys in sy dae. Hy roep veral die ouers op om die nuwe generasie op te voed. Dit is deel van die priesteramp van elke gelowige!

’n Ander werk van Luther oor onderwys: *Preek dat kinders in die skool moet bly*, is in 1530 as ’n ope brief gepubliseer.³ Vir baie ouers was dit ’n denkskuif. Hulle het dit verkies om hulle kinders so gou as moontlik in die arbeidslewe te betrek, veral as gevolg van die direkte materiële voordele wat dit ingehou het. Luther het die ouers vermaan om eers die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek, dan sal al die ander dinge ook vir

hulle bygevoeg word (Matt. 6:31-33). Luther het ouers aangemoedig: "As julle graag waardige, toegeruste persone soek vir sowel die tydelike as die geestelike leierskap, dan moet ons inderdaad geen opoffering, tyd of koste spaar om ons kinders te onderrig en op te voed ten einde God en sy medemens te dien nie."⁴ Luther het ook gepleit vir onderwys waartoe alle jongmense toegang het, ongeag hulle geslag of sosiale klas. Hy het die Middeleeuse opinie verwerp waarvolgens slegs die geestelikes onderrig moes word om die Bybel te kan lees. Samevattend, Martin Luther het nie net aandag geskenk aan die reformasie van die kerk nie, maar ook van die onderwys. Die skole was net so belangrik om die Woord van God – in die volkstaal! – aan die massas te onderrig.

Ook Johannes Calvyn (1509-1564) was direk betrokke by die reformasie van die onderwys. Hy was die stigter van die Universiteit van Genève. Hierdie universiteit het op sy beurt 'n rolmodel geword vir meer universiteite wat in Europa gestig is, soos die Universiteit van Leiden (Nederland), om maar een voorbeeld te noem.

Calvyn was ook betrokke by die skryf van belydenisgeskrifte (soos die *Confessio Gallicana*), wat bedoel was om die jeug te onderrig in die belangrikste leerstukke van die Bybel.

Calvyn se studente het in sy voetspore gevolg. So het Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus (beide alumni van die Universiteit van Genève) die Heidelbergse Kategismus geskryf, in opdrag van Frederik III. Dit het 'n beroemde handboek en belydenisgeskrif geword, nie net in Heidelberg en omgewing nie, maar tot in Suid-Afrika.

Die Reformasie het 'n baie gunstige invloed gehad op die onderwys. Hierdie seën was nie net beperk tot die elite nie, maar het alle kinders bereik, ryk en arm, en nie net die seuns nie, maar ook die meisies. Want in die loop van die 16de eeu, onder invloed van die Reformasie-beweging, het daar 'n toenemende besef gekom dat onderwys nie beperk moes word tot die Latynse taal en slegs vir die ryk bolaag van die samelewing nie. Die 16de-eeuse reformatore het die priesterskap van alle gelowiges benadruk. Hulle het kategismusse geskryf en skole opgerig. Die reformatore het die primêre rol van ouers in die opvoeding van hulle kinders benadruk. Dit is veranker in een van die vroeë wat ouers moes beantwoord voordat hulle hul kind ten doop kon hou, naamlik dat hulle belowe om hulle kind in die leer van die saligheid nie net self te onderrig nie, maar ook te laat onderrig!

“In U lig sien ons die lig”

Reformatoriese onderwys in Suid-Afrika

Ons aandag verskuif nou na Suid-Afrika. Daar is verskeie voorbeelde van hoe die Reformatoriese erfenis met betrekking tot onderwys ook in Suid-Afrika deurgewerk het. Vir die tweede deel van hierdie artikel wil ek graag aandag skenk aan iets wat vir ons nader aan huis is. Want ook in die oprigting van privaat Gereformeerde skole deur immigrante van na die Tweede Wêreldoorlog kan 'n mens sien hoe die erfenis van die Reformasie op onderwys 'n vastrapplek in Suid-Afrika gekry het.

Privaat Gereformeerde Skole

Om hulle dryfveer tot die oprigting van privaat ouerskole te verstaan, het 'n mens 'n bietjie agtergrondkennis nodig van die ontwikkelings op onderwysgebied wat in Neder-

land sedert die 19de eeu plaasgevind het. Hierna word gewoonlik as die *Schoolstrijd* verwys.⁵ Hierdie *Skoolstryd* het sy oorsprong gehad aan die einde van die 18de eeu, toe tydens die Franse oorheersing die skeiding van kerk en staat deurgevoer is, waardeur onderwys 'n saak van die staat geword het. 'n Wet uit 1806 het bepaal dat Christelike skole voortaan geen subsidies meer sou ontvang nie. Die deel van die

samelewing wat werklik belydende Christene was, het toe begin om hulle te verset teen hierdie nuwe ontwikkelings in die onderwys, wat voortgekom het uit die idees van die Franse Rewolusie.

Dit is teen die agtergrond van hierdie *Skoolstryd* in Nederland, wat meer as 'n eeu geduur het en waarin Christelike ouers hulle reg veilig gestel het om primêr verantwoordelik te wees vir hulle kinders se onderrig, dat 'n mens die inisiatiewe van die Vrye Gereformeerde Nederlandse immigrante in Suid-Afrika moet verstaan. Vir hulle was spesiale *Gereformeerde* skoolonderwys 'n logiese uitvloeisel van die sakrament van die doop en hulle doopbelofte. Hulle het besef dat, om slegs hulle kinders na die openbare skole te stuur, nie genoeg was nie. Daarom, ten spyte van groot finansiële uitdagings, het hulle die stap geneem om spesiale privaat skole te stig.

Die eerste Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is in 1950 in Pretoria gestig deur die na-oorlogse immigrante.⁶



wat vervolgens oorgegaan het tot die oprigting van 'n skoolvereniging in 1954. In 1956 is 'n begin gemaak met die sogenaamde Saterdagsskool vir laerskoolleerders. Alhoewel die kinders steeds die staatskole besoek het, is ekstra klasse op Saterdag aangebied, veral Bybelles en kerkgeskiedenis. Ondertussen is ondersoek ingestel na die moontlikheid van staatsubsidie vir 'n eie skool. Maar die onderwysdepartement het nie samewerking verleen nie, en dit het duidelik geword dat die ouers aansienlike finansiële offers sou moes bring vir 'n privaatskool.

Met die aanbreek van 'n nuwe dekade was dit hoofsaaklik finansies wat die stigting van 'n dagskool nog belemmer het. Maar binne die kerk was daar die oortuiging dat Gereformeerde onderwys nie net die taak van die ouers is nie, maar van die hele gemeente – ook van die ongetroudes en bejaardes. Dit het gelei tot 'n gesamentlike aksie deur die hele gemeente. Tydens 'n vergadering van die skoolvereniging op 4 April 1963 is die groot besluit geneem om met 'n dagskool te begin vanaf Januarie 1964.⁷ Die besluit is voor God in gebed gebring. So het dit dan gebeur dat, na 'n periode van beplanning en voorbereiding van tien jaar, 'n privaat Gereformeerde laerskool 'n realiteit geword het. Getuigende van die Reformatoriese tradisie wat sy ontstaan gevoed het, is dit die *Gereformeerde Laerskool Johannes Calvin* genoem. Soos alreeds genoem, is daar van alle belydende lede van die Vrye Gereformeerde Kerk verwag om lid te wees van die skoolvereniging, 'n gesamentlike verantwoordelikheid vir die opvoeding van die jeug van die toekoms. Om lid te wees, het ingehou dat 'n maandelikse bydrae betaal is ten bate van die privaatskool.

Benewens die kinders wat kerklidmate is, het die skool ook 'n beleid aangeneem om 'n aantal kinders wie se ouers nie lid van die Vrye Gereformeerde Kerk is nie, maar wat ook die belang van Gereformeerde onderwys op die hart dra, toe te laat. Die doel van die skool was egter nie om onbegrens aan te hou groei nie, of om te dien as 'n middel tot evangelisasie nie. Ouers van ander Gereformeerde denominasies is eerder aangemoedig om die voorbeeld te volg en ook privaat ouerskole te stig.

Nie net in Pretoria nie, maar ook in Kaapstad het die Vrye Gereformeerde Kerk 'n privaatskool gestig.⁸ Ook in Soshanguve, noordwes van Pretoria, waar 'n kerk geplant is deur die Vrye Gereformeerde sending, is 'n privaatskool opgerig.

Erfenis van die Reformasie op onderwys vir die 21ste eeu

Aan die begin van die 21ste eeu het die konsep van

privaat onderwys al hoe aantrekliker in Suid-Afrika geword. In die lig van die verslegtende openbare skoolstelsel het ouers se belangstelling vir privaat onderwys eksponensieel begin groei. Baie privaatskole is opgerig, sommige Gereformeerd, ander algemeen Christelik. Met die sterk groei van Protestantse privaat onderwys sedert die begin van hierdie eeu, is dit raadsaam om onself weer op te skerp ten aansien van die basiese beginsels waarop die Reformatoriese onderwys gebou is:

- Die opvoeding van die jeug is die primêre verantwoordelikheid van ouers, en vervolgens ook van die hele gemeente. In die Gereformeerde tradisie word dikwels verwys na die driehoek skool – ouers – kerk, wat in harmonie saamwerk vir die opvoeding van die jeug.
- Ouers moet nie hierdie verantwoordelikheid uitbestee aan die staat nie. Dit is meestal 'n veel duurder roete, maar die geskiedenis soos hierbo genoem leer dat 'n Gereformeerde privaatskool beskerm is teen verskeie on-Bybelse invloede (m.b.t. wetenskap, politiek, wêreldbeskouing, etiek en lewenswyse). Die feit dat die Gereformeerde privaatskole deur die ouers beheer is, het vir ekstra wigte en teenwigte gesorg.
- Hoewel dit deurgaans so was dat die onderwysstandaard van die Gereformeerde privaatskole beduidend hoër was as die gemiddeld van die openbare skole, bly dit 'n belangrike beginsel dat Christelike privaatskole hulle altyd moet onderwerp aan die reëls en regulasies van die staat met betrekking tot kwaliteitskontrole, en dat hulle altyd moet oopstaan vir evaluasie.
- Vanuit 'n Reformatoriese oogpunt sal eenheid in geloof altyd belangriker wees as kulturele eenheid. Die wese van 'n Christelike skool behoort daarom nie in kultuur of taal te lê nie. Faktore soos hierdie behoort vreemd te wees aan die konstitusie van 'n Christelike skool, ten einde in lyn te bly met die Reformatoriese tradisie.
- Verder sal onderwys in die Reformatoriese tradisie nooit beperk bly tot die rykes of 'n spesifieke subgroep van die samelewing nie. Daar behoort daarom altyd inisiatiewe te wees om minder bevoorregte kinders in die skoolsisteem te inkorporeer. 'n Nuwe uitdaging vir die 21ste eeu in Suid-Afrika is die mag van aandeelhouders, wat dikwels primêr druk vir finansiële resultate. As aandeelhouders die eienaars van skole word, pleks van Christelike ouers, is daar die gevaar dat hierdie beginsel opgegee word, met die gevolg dat privaat Christelike skole slegs betaalbaar word vir die rykes en bevoorregtes.

die magte van lobbygroepe en burgerregtebewegings, wat kontrole probeer neem oor privaat skole. Weer eens, die krag van Christelike onderwys het altyd gelê in die harmonieuse samewerking van die driehoek skool – ouers – kerk.

As ons terugkyk op die afgelope 500 jaar, sien ons dat die Reformatoriese wêreldbeskouing die innerlike krag en oortuiging gehad het om op te staan en inisiatief te neem waar Christelike onderwys nie beskikbaar was nie, of waar onderwys verstrengel geraak het in on-Bybelse ideologieë. Protestantse ouers het opgestaan en inisiatief geneem. Hulle het dit gedoen in gehoorsaamheid aan hulle doopbelofte, vertrouend op die God van die verbond.

Dr PG Boon, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria Maranata

(hierdie artikel is 'n verkorte weergawe van 'n artikel wat verskyn het in: *Reformation 500. Some South African perspectives* (2017, Christelike Lektuurfonds Uitgewers).

1 R. Faber, "Martin Luther on Reformed Education" in: *Clarion* Vol. 47, No. 16 (1998).

- 2 *Luther's Works*. Vol. 45, 347-378. Philadelphia, 1962.
- 3 *Luther's Works*. Vol. 46, 209-258. Philadelphia, 1967.
- 4 *Luther's Large Catechism*.
- 5 Algra, A. & H. *Dispereert Niet*, Deel 3. Sien ook: <http://www.isgesciedenis.nl/nieuws/nederlandse-schoolstrijd-1806-1917>.
- 6 J.W. Meijer, *Tog 'n lig ...!* (2000), p7.
- 7 Meijer, *Tog 'n lig*, p31.
- 8 J.A. Breytenbach & E. Viljoen, *Altyd Goeie Hoop. Vyftig jaar Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad* (2002), p87.

Gastewoonstel – La Cotte Inn

Bellville-omgewing, goed geleë
Slaapplek vir 2/3 persone
Rolstoelvriendelik

Alle geriewe, naby winkelsentrums,
hoofpaaie en die Kaapse strande.

Kontak: Jan/Ina van Alten
Tel: 021 919 1597 Sel: 073 265 2440
E-pos: magdalenava@mweb.co.za

Teologiese opleiding – Hamilton

Elders gelees: Una Sancta



Die Una Sancta is 'n tweeweklikse publikasie vir die Free Reformed Churches of Australia. Dit is 'n gesinstydskrif vir die opbou van 'n Skriftuurlike leefwyse.

Die uitgawe van 23 September 2017 het 'n aantal artikels oor die Canadian Reformed Theological Seminary (CRTS) met die aanvang van hul nuwe akademiese jaar

gepubliseer. Hierby uittreksels daarvan, asook 'n paar ander relevante sake.

Canadian Reformed Theological Seminary

Die doel van die CRTS is om studente toe te rus om God en sy mense te dien. Dit is nie net om soveel as moontlik inligting oor te dra nie, maar dat studente die bes-

moontlike Christen kan word. Dit gaan dus nie net oor informasie nie, maar transformasie; as God se instrumente moet hulle hulself en mense kan transformeer.

Die uitvoerende hoof van die CRTS, prof. Gerhard Visscher, het afgetree. Vanaf 9 September 2017 staan dr. Jason van Vliet aan die stuur van sake. Hy is inmiddels nie meer 'n wildvreemde nie – onlangs was hy nog in Suid-Afrika vir opleiding van teologiese studente en om die CRTS aan die V GK bekend te stel.

Slegs een student het die afgelope akademiese jaar gegradueer. Br. James Zekveld het inmiddels die beroep wat die gemeente in Winnipeg op hom uitgebring het vir sendingwerk in Manitoba, aanvaar.

Vier nuwe studente is hierdie jaar vir die *Master of Divinity*-program ingeskryf: Raoul Kingma, Ruurd Offringa, Kevin Star en Timothy Veenstra. Een vroulike student, Harma-Mae Smit, is toegelaat vir 'n teologiese diploma. Dit bring die totale aantal studente vir hierdie akademiese jaar op 20 te staan, waarvan 17 vir die M.Div.-graad.

Prof T. van Raalte bespreek die tekort aan predikante in sy artikel:

Send Us Wood! Hy verwys na die jaar 1561 toe La Rochelle in Frankryk by Calvin gepleit het vir hulp. Sy antwoord was: "Stuur ons hout, dan stuur ons vir julle pyle". Bedoelende: die pyle is die predikante wat die kerke nodig het, en die hout is die rou materiaal wat Genève nodig het.

Predikante verskyn nie sommer net uit die niet nie. Kerke en lidmate moet jong manne kweek en ondersteun wat daarna streef om predikant te word. (Dit geld ook vir die VGK – red.) Indien die kerke nie teologiese studente na opleidingsinstansies stuur nie, kan die instansies nie aan die behoefte vir predikante voldoen nie. En die agterstand raak al hoe groter. In die lig daarvan dat slegs 70% van graduandi uiteindelik in die bediening staan, moet 80 nuwe studente binne die volgende dekade graduateer om al die vakatures in die VSA, Kanada en Australië te vul! Reeds vandag al moet jong manne en seuns geïdentifiseer en gemotiveer word om teologie te studeer. Die nood is groot!

Ds. D. Poppe van die Australiese kerke rig die volgende pleidooi aan jong mans: "Asseblief! Ondersoek jouself of jy gawes vir die bediening het. Bid dan tot God of Hy dit aan jou duidelik sal maak of jy Hom in hierdie hoedanigheid moet dien".

Ds. A Hagg en S. 't Hart skryf 'n kort verslag oor die onlangse VGK-sinode in Suid-Afrika. Wat betref die teologiese opleiding som hulle die bespreking tydens die sinode op as volg: Suid-Afrika ondervind moeite om bedienaars van die Woord te werf en op te lei. Die verskillende opvoedkundige agtergronde van teologiese studente is ook 'n uitdaging, en dit is nie vir al die studente moontlik om die CRTS te besoek nie. Om te verseker dat studente op dieselfde vlak opgelei word, is dit nodig om teologiese onderrig in Suid-Afrika self te verskaf. Die CRTS is bereid om hierdie benadering te ondersteun deur lesings, klasnotas en jaarlikse besoeke van professore. Meer hulpbronne is nodig om hiervan werk te maak, en die sinode het besluit dat 'n "anker-teoloog" so 'n program moet fasiliteer.

Die kerke in Suid-Afrika is dankbaar dat studente uit sendinggebiede reeds onderrig kon word deur middel van video-materiaal van die CRTS.

Gereformeerde onderwysers


In 'n brief gerig aan *Una Sancta* spreek 'n skrywer ook die

noodsaak vir gereformeerde onderwysers uit. Tans is 80 onderwysers en 40 onderwys-assistente werksaam vir die *Free Reformed School Association*. Jong mense word aangemoedig om 'n loopbaan in die onderwys te oorweeg. As voorbeeld word genoem dat 'n huis deur enigiemand gebou kan word, maar dat verbondskinders slegs deur gereformeerde onderwysers onderrig kan word. Veral manspersone word as onderwysers benodig.

Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), Nederland

'n Ander skrywer wys op die gevaarlike wat reeds 20 jaar gelede binne die GKv (Nederland) begin wys het. Volgens dié persoon was een van die aanwysbare probleme 'n swakker erediens-bywoning – in die besonder die middagdiens. Slapheid in kerkbywoning lei in alle waarskynlikheid tot of is 'n simpton van goddeloosheid. Australiese kerke word gemaan (en dit geld net so goed vir die VGK! – red.) dat, indien hulle ontrou is in erediens-bywoning, hulle waarskynlik in die voetstapen van die Nederlandse kerke sal volg. Onskriftuurlike besluite (soos in die GKv) en kerkdeformasie (bv. swakker erediens-bywoning) het 'n gemeenskaplike gemene deler: die verwaarlosing van God se Woord! Laat ons dus waaksaam wees vir vroeë tekens van verval.

<http://frca.org.au/unasancta/>



Afsnydatums vir die volgende uitgawes van KOMPAS:

9 Januarie en 6 Februarie 2018

Artikels moet gestuur word na:
kompas@vgk.org.za

Wie beheer?

Desember sal 'n belangrike maand wees vir die land. Die ANC, die grootste politieke party, wat die land regeer, sal 'n nuwe leierskorps kies. Dit sluit in 'n nuwe *president van die ANC*, omdat mnr. Zuma nou na twee termyne aftredend is. Die huidige *regering* van die land, saam met mnr. Zuma as staatspresident, sal egter eers na die volgende verkiesings in 2019 hoef af te tree. Maar die nuwe president van die ANC sou wel, saam met 'n meerderheid ANC-leiers, kan besluit om die staats-president te vervang (net soos gedoen is met mnr. Mbeki ongeveer 8 jaar gelede). Dit is dus van die uiterste belang vir mnr. Zuma wie die nuwe ANC-president word en watter leiers verkies sal word. Die ANC-president sou later die staatspresident kon word.

Die bestuur van die ANC, in die volksmond ook wel "Luthuli-huis" genoem, gee o.a. instruksies aan die parlementslede oor hoe om te stem. Dit moet in lyn wees met die partybeleid, wat deur die regering uitgevoer word. Die bestuur van die party is dus op die oomblik, tot die volgende verkiesing in 2019, in beheer van twee van die drie staats-organe: die *uitvoerende mag* (die regering van mnr. Zuma) en die *wetgewende mag* (die parlement). Dit is dus 'n posisie van mag. Die derde staats-organ, die *regterlike mag*, is gelukkig nog taamlik onafhanklik van die regerende party (soos dit moet wees).

Wat van belang is, is die twee kante van die "beheer-vraag": wie beheer die regering en wat wil die regering op sy beurt beheer? Die uitslag van die komende ANC-leierskorps-verkiesing sal belangrik wees vir die koers wat die ANC en die regering van die land gaan volg. Daar is twee uiteenlopende groepe binne die ANC: die *tradisionele groep* onder leiding van mev. Dlamini-Zuma, wat die beleid van haar eks-man mnr. Zuma wil voortsit, en die *regstellende groep* onder leiding van mnr. Ramaphosa, wat o.a. korrupsie wil beveg en die ekonomie weer op gang wil kry. Maar beide groepe staan agter dieselfde ANC-hoofbeleid en sal dit probeer voortsit. Dit beteken dat, ondanks wie ook al sal wen as ANC-leier, die oorhoofse beleid van die regering voorlopig dieselfde sal bly.

Tog is die verwagting dat, as mnr. Ramaphosa die leier-

skap-stryd sal wen, daar aansienlike verandering in die praktiese uitvoering van die regeringstake sal wees, met meer gesprek tussen die regering en die bedryfslewe. Dit behoort positiewe gevolge te hê en die vertroue van die bedryfslewe in die regering weer enigszins te herstel, as daarby ook die deurgewoekerde korrupsie aangepak word (en mnr. Zuma verdwyn). Verder sal daar moontlik ook 'n skoonmaak kom van (die leiding van) staatsdepartemente en sal daar meer klem gelê word op kundigheid, met watter velkleur dit ook al mag saamgaan. Daar is genoeg goeie wil by deskundiges in die land om jong mense op te lei, al vra dit tyd. Ons vertroue is dat, onder die Here se seën, die regering een of ander tyd weer goed sal regeer, die polisie weer met kundigheid polisie-take sal uitvoer, die staats-onderwys weer op goeie peil sal funksioneer, semi-staatsbedrywe sonder verlies sal kan werk, die land se infrastruktuur onderhou sal word, ens. As nie meer 'n groot deel van belastinggeld na "Gupta-families" gaan nie, dan sal die burgers ook met minder huiwering hulle belasting betaal.

Ekonomiese beheer

En dit bring ons by die ander aspek van die vraag: wat en wie wil die ANC-regering beheer? In die laaste jaar het die term "*wit monopolie-kapitaal*" opgang gemaak. Daar is onvrede binne die ANC dat daar wel politieke vryheid in die land gekom het, maar dat die ekonomie van die land nog steeds in beheer is van 'n beperkte aantal "*wit kapitaliste*" (dit is dan die Oppenheimers en die Ruperts, die aandeelhouers op die Johannesburgse Aandelebeurs en die bestuurders van die groot banke). Dit moet vir die grootste deel in die hande van swart mense kom.

Dit is egter opmerklik dat daar nie gekyk word na die "*swart monopolie-kapitaal*" nie. Dit is die staats-korporasies, soos die SAL, Eskom, Sanral, Prasa en die SABC, wat onder vrywel uitsluitlike swart bestuur is. Hierdie maatskappye soek gereeld miljarde Rande van die staatskas om te oorleef en bestuurs-bonusse te kan betaal. Die gereelde hulppakkette wat hulle nodig het, is 'n blyk daarvan dat hulle onder die huidige bestuur nie winsgewend kan opereer nie, selfs nie ondanks hulle monopolie-posisie nie.

En as ons praat van kapitaal, dan is daar ook nog die "Gupta monopolie-kapitaal". Omdat die top-leiers van die regering blykbaar nie by magte is om self goeie finansiële bestuur uit te oefen nie of omdat hulle graag hul eie en hul familie se inkomste wil aanvul, het daar 'n vennootskap ontstaan tussen die Gupta-broers en top-mense in die regering. Die Gupta-maatskappye kry groot kontrakte van staats-maatskappye en hul le sub-kontrakteer die werk dan weer self uit aan buitelandse maatskappye om die werk te doen. In dié proses word daar steeds miljarde verdien aan "fasiliteringsfooie" en kan dit oorgedra word na buitelandse bankrekening. Die Gupta's het in die afgelope 10 jaar net so ryk geword soos die Oppenheimers oor die afgelope 100 jaar. Die onlangse boek van Jacques Pauw: "The president's keepers" (die bewakers van die president), dui aan tot watter mate hierdie onheilige verbond funksioneer en wie betrokke is.

Die probleem is dat die ANC slegs oor 'n beperkte groep van goeie (maatskappy-) bestuurders beskik. Dit is ook te verstane, want tot 1994 was daar hoegenaamd geen swart-beheerde maatskappye in die land nie en dus geen broodnodige ervaring op bestuursgebied nie. Verder is bestuurders van staats-maatskappye eerder gekies op grond van politieke lojaliteit as op grond van kundigheid. Slim mense, soos voorheen die "dodelik siek" mnr. Shabir Shaik en nou die Gupta's, misbruik hierdie gebrek aan kundigheid en verryk hulself dramaties in die proses.

Onderwysbeheer

Die onderwys in die land gaan ook nie soos die ANC dit wil nie. Daar is dalk 'n (sosialistiese) onderwys-visie binne die ANC, maar die uitvoering daarvan loop vas op die onwil en onkundigheid binne onderwys-departemente en by onderwys-personeel op baie van die staatskole. Die gemiddelde gehalte van onderwys gaan agteruit en om slaagsyfers tog te laat styg, word die slaagveristes verlaag. Dit help natuurlik nie die land, sy jeug en sy (ekonomiese) toekoms nie. Om sake te probeer verbeter, staan daar weer 'n nuwe onderwyswet voor die deur, die "Basic Education Laws Amendment" (BELA) konsepwet van 2015. Daar was tot 10 November 2017 tyd om kommentaar te lewer op die voorgestelde BELA-wet (vir

basisonderwys). Daar is nou blykbaar skielik groot haas om die wet deur te voer. Philip Rosenthal, direkteur van die belangegroep ChristianView Network, het oor die voorgestelde BELA-wet 'n artikel met kritiese kommentaar geskryf op die webwerf INCE Connect Biznews op 6 November 2017. Hieruit neem ek die volgende oor.

Die voorgestelde BELA-wet neem beheer weg van skoolbesture en gee meer mag aan die provinsiale onderwysdepartemente. Die onderliggende gedagte is om die onderwysgehalte meer gelyk te maak. Op die oomblik is daar staatskole met goeie onderwysers, wat aangestel is en betaal word deur die skoolbeheerraad, en ander skole met onbekwame onderwysers. Nou gaan nie meer skoolbeheerrade nie, maar slegs die onderwysdepartement nuwe onderwysers aanstel, en die bekwaamheid en taalvaardigheid van die onderwyser hoef dan seker nie meer 'n rol te speel nie. Dit kan



stadigaan die einde beteken van Afrikaanssprekende en Christelike staatskole, soos dit nou al met die universiteite die geval is.

Verder moet ouers wat hulle kinders tuisonderrig gee (daar is meer as 60 000 kinders in die land wat tuisonderrig kry), die gehalte van hulle onderwys elke jaar, op hul eie koste, laat evalueer deur 'n onderwyskundige. Ook tuisonderrig sal die kurrikulum van die staatskole moet volg en ouers sal vooraf goedkeuring moet kry vir tuisonderrig. Daar is 'n gevangenisstraf van tot 6 jaar as ouers die bepalings nie nakom nie. Hierdie beperkings sal blykbaar voorlopig nie geld vir "kothuisskole" ("cottage schools") nie, waar 'n aantal ouers saamwerk om klein groepies kinders onderrig te (laat) gee. Die gebruik van staatskole vir sport deur ander groepe en vir Sondagse kerklike aktiwiteite sal ook moeiliker word, omdat die onderwysdepartement dit nou sal moet goedkeur.

Die reaksie van ouers sal ongetwyfeld wees dat nog meer kinders na privaatskole sal gaan. Met hierdie soort staatsbeleid sal die aandele van privaatskole soos Curro ongetwyfeld bly styg, maar staatskole sal kwyn omdat ouers wat skoolgeld betaal, sal verdwyn. Hoewel dit te wagte is dat ook die druk op privaatskole sal toeneem om staatsonderwys-beleid te volg, vertrou ons tog dat daar 'n groot mate van vryheid sal bly vir privaatskole om as ouers self die onderwys vorm te gee en te stuur.

Om *korrupsie* teen te werk moet met die BELA-wet

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (Tel: 012 335 9134)

Redaksie:

Alex van Houwelingen
(eindredakteur)
Erika de Vries
Jeanne Smit
Jelte de Vries
Albert van der Linden

Bladuitleg:

Monique Bijker

Taalversorging:

Margriet de Mooij

Webmeester:

Willemien Kleijn

Redaksieadres:

Dunwoodielaan 1328,
Waverley, 0186
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Kompas, Capitec Pretoria Jacaranda
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
GEEN tjeks!
Kontantdeposito's:
Laat weet asb. die administrasie.
Onthou asb. om u lidnommer /
naam & van waar moontlik te
gebruik by betalings.

Intekengelde (2018)

RSA per epos: R140
RSA per hand R200
RSA per pos: R250
Buiteland per e-pos: €15
Buiteland per seepos: €40
Buiteland per lugpos: €50
Jaarliks betaalbaar voor/op
28 Feb. asb.

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word. Kompas is nie
aan kopiereg onderhewig nie.

alle onderwysers en hul eggenotes al hulle inkomste en finansiële belange verklaar. Daar moet dus ook finansiële deskundiges aangestel word by die onderwysdepartemente om hierdie dokumente na te gaan en moontlike belang-verstrengeling op te spoor. Dan gaan daar meer geld benodig word op die onderwys-begroting of gaan die onderwys-kundigheid verminder ten koste van finansiële kundiges. Volgens Rosenthal sal die voorgestelde wetgewing eerder goeie skole verswak as swak skole versterk. Die minister van basiese onderwys, mev. Angie Motshekga, het toegegee dat die situasie by baie staatskole 'n "nasionale katastrofe" is, maar dit wil voorkom of sy nou met die BELA-wet dié skole wil "herstel" wat nie "gebreek" het nie, maar hulle eerder wil afbreek. Volgens Rosenthal moet die wet eerder grondig hersien as verfynd word.

Ons bid gereeld: "Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied". Hierdie gebed gee ons vertrouwe dat God in die hemel ook hier op aarde in beheer is, ook van eenvoudige dinge soos die lewe van sy kinders in Suid-Afrika. Ons kan met hierdie vertrouwe vorentoe gaan. En as dit anders loop as wat ons verwag, moet ons maar saam met Martin Luther sing: "'n Vaste burg is onse God". God het sy trou bewys deur die geboorte van sy Seun in Betlehem. Ons kan nog steeds staatmaak op God se trou, die vervulling van sy beloftes en van sy liefde en sorg vir ons. Netnou ook weer in 'n nuwe jaar DV en, volgens wat ons hoop, ook 'n nuwe / beter politieke bedeling.

Hans Moes, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

Geloofsrigting ...

Pepermente

Om 'n Christen te wees beteken 'n deur Christus gevormde lewe. Dit beteken om weg te draai van sonde en na Jesus toe te loop. Jy is nie 'n Christen as jy die evangelie ken nie. Jy is ook nie 'n Christen as jy die evangelie ken en verstaan dat dit nodig is om om te draai nie. Jy is ook nie 'n Christen as jy die evangelie verstaan, begryp dat jy moet omdraai en ook wil omdraai nie. Jy is eers werklik 'n Christen as jy regtig omdraai en in 'n ander rigting beweeg. Dit is wat bekering is. Dit gaan nie om perfeksie nie, maar om rigting. Dit gaan nie daarvoor om met God saam te stem nie. Dit gaan daarvoor om jou lewe so te verander dat jy doen wat God sê.

SPREUKE 4:23

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

*Uit die Engels vertaal. Ds Johan Bruintjes,
predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*